**Momentum Savings**

# Kry meer uit jou beleggings

Momentum Savings wil vir jou daar wees op jou beleggingsreis sodat jy jou doelwitte kan behaal en jou drome kan bewaarheid met sy Investo-produkte.



## Kry meer uit jou belegging met dié ekstra voordele:

### Lojaliteitsbonus

**As jy belê bly** tot aan die einde van jou beleggingstermyn, **beloon ons jou toewyding** met 'n lojaliteitsbonus. Jy sal die meeste van die administrasiefooie wat jy betaal het, terugkry, en sien hoe dit jou groei aanhelp. *Dis gratis. Jy kry dit outomaties.*

### Bydraevervanger

**Ons betaal die bydraes** wanneer jy sterf of as jy ongeskik raak. Dit kan die grootste geskenk vir jou, jou geliefdes of die werknemers van jou klein onderneming wees. *Jy betaal daarvoor. Die koste hang van jou persoonlike omstandighede af.*

### Enhancer-voordeel

As jy aftree, pleks van die kontant neem, **betaal ons jou geld oor na 'n uitkeerkontrak** wat **so lank as wat jy wil, kan duur**. Jy kan dan soos jy wil geld onttrek sonder om belasting te betaal, **of meer geld byvoeg**. Die belasting op jou inkomste word tot 30% beperk, wat beteken **jy sal meer in jou sak hê** as jy 'n hoë netto inkomste verdien. *Dis gratis. Jy kry dit outomaties.*

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk,
'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer.


momentum

## Waarborge

Ons waarborg dat **jou kapitaal veilig sal wees**, of dat jou **groei** 'n sekere persentasie sal behaal. Met die **Volatility Protector** word jy teen markskommelings en 'n onaangename verrassing sodra jou belegging moet uitbetaal, beskerm. *Sommige waarborge is outomaties deel van die fonds, en jy betaal nie ekstra daarvoor nie. Vir ander betaal jy. Die koste hang af van die beleggingstermyn en watter waarborg jy verkies.*

## Verhoogde stoewysing

**Ons gee jou spaargeld 'n hupstoot** deur iets by jou gereelde betalings te sit as hulle bo 'n sekere bedrag is. As jy meer as R1 250 belê, **sit ons 0,5% uit ons sak by**, en as jy meer as R3 130 belê, **verdubbel ons dit tot 1%**. *Dis gratis. Jy kry dit outomaties.*

## Aftreeversterker

Hiervolgens kry jy 'n **bykomende belastingvrye bedrag** as jy aftree en jou aftreeannuïteit aan **kwalifiserende Momentum Lewensversekering-voordele** soos dood, ongeskiktheid, die inkomstebeskermer of kritieke siekte gekoppel is. *Dis gratis. Jy kry dit saam met jou lewensversekering.*



## Kry dié voordele met dié oplossings:

| Investo Aftreeannuïteit | Investo Uitkeerbelegging |
|---|---|
| ✓ Lojaliteitsbonus | ✓ Lojaliteitsbonus |
| ✓ Bydraevervanger | ✓ Bydraevervanger |
| ✓ Enhancer-voordeel | ✓ Waarborge |
| ✓ Waarborge | ✓ Verhoogde toewysing |
| ✓ Verhoogde toewysing | |
| ✓ Aftreeversterker* | |

* Voordeel gekoppel aan kwalifiserende Momentum Lewensversekering-voordele.

Bepalings en voorwaardes geld.

*Gesels met jou finansiële adviseur.*

momentum.co.za

Momentum is deel van Momentum Metropolitan Lewens Beperk, 'n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste en 'n geregistreerde kredietverskaffer.



momentum